

Hoofstuk van die dag: Esra 1

> *In die eerste regeringsjaar van koning Kores van Persië is die belofte vervul wat die Here by monde van Jeremia uitgespreek het: die Here het koning Kores van Persië laat besluit om dwarsoor sy ryk ’n proklamasie te laat afkondig. (vers 1)*

Kores van Persië het die Ryk van Babilonië omvergewerp (Dan

5:25-30). Een van sy eerste groot skuiwe was om al die ontheemde volke in die ryk toe te laat om na hulle eie lande van herkoms terug te keer en die tempels vir hulle gode te herbou. Daarmee wou hy die guns van al die volke onder sy mag wen. Die Jode het ook by dié proklamasie baat gevind, en so is hulle ballingskap ná 70 jaar beëindig, soos die Here in Jer 29:10 aangekondig het.
Kores se proklamasie het nie net vir die Jode gegeld nie. Tog sien die Jode hierin God aan die werk, en dat Kores ’n instrument in God se hand is. God regeer oor alles en almal (Rom 11:36,1 Kor 8:6). Hy kan selfs ’n heidense wêreldheerser gebruik om sy doel te bereik.
Nie almal besef dit nie. Om God in alles te sien, vra ’n geloofsoog. Daarsonder gaan jy sukkel om God se betrokkenheid in jou daaglikse lewe raak te sien.

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026